

SENSUS VAN KOMMERSIËLE BOSBOU 2007

↓ *Wanneer Stats SA gekontak word, meld asseblief hierdie verwysingsnommer*

--

↑ *Korrigeer asseblief alle foute op die adresetiket hierbo*

Doel van die sensus

Die Sensus van Kommersiële Bosbou dek die bedrywighede op kommersiële bosbouplase in Suid-Afrika. Vir die doel van hierdie sensus, is 'n kommersiële bosbou-boerderyeenheid 'n plaas wat vir BTW (Belasting op Toegevoegde Waarde) en/of Inkomstebelasting geregistreer is. Die resultate van die sensus dien as grondslag vir die evaluering van die huidige stand van sake (in terme van produksie, arbeid, uitgawes, skuld, ens.), asook markbehoefes vir bosbou. Die resultate kan direk tot u voordeel strek, aangesien dit u in staat sal stel om u bedryf te posisioneer in verhouding tot ander bosbouplase in Suid-Afrika. Hierdie resultate sal in Statistiese Vrystelling P1201 – Sensus van Kommersiële Bosbou 2007, en in Verslag 12-01-01 – Sensus van Kommersiële Bosbou 2007, gepubliseer word.

Versamelingsmagtiging

Die inligting wat verlang word, word ingesamel kragtens artikel 16 van die Wet op Statistieke, 1999 (Wet No. 6 van 1999). U samewerking word gevra om hierdie vraelys in te vul en dit teen die keerdatum terug te stuur.

Geheimhouding

Ooreenkomstig artikel 17 van die Wet op Statistieke, 1999 (Wet No. 6 van 1999), sal u ingevulde vraelys deur Statistieke Suid-Afrika (Stats SA) as streng vertroulik hanteer word.

Keerdatum

Vul asseblief hierdie vraelys in en stuur dit in die besigheidsantwoorddienskovert terug of faks dit aan Stats SA nie later nie as **30 September 2007**. Indien presiese syfers nie beskikbaar is nie, verstrek asseblief sorgvuldige ramings.

Stats SA beveel aan dat u 'n afskrif behou om te raadpleeg in geval van 'n navraag.

Hulp beskikbaar

Indien u probleme ondervind met die invul van hierdie vraelys, of vind dat u moeilik by die keerdatum hou, skakel ons asseblief by:

- Telefoonnommer: (012) 310-0152
- Faksnommer: (012) 310-4641 / 4642
- E-posadres: mmulem@statssa.gov.za
- Webtuiste: www.statssa.gov.za/agriculture
- Posadres: Statistieke Suid-Afrika
Privaat sak X44
Pretoria, 0001

Naam van persoon wie Stats SA kan kontak indien enige navrae sou ontstaan aangaande die voltooide vraelys.

Naam		Telefoonnommer	()
Handtekening		Selffoonnommer	
Amp/titel		Faksnommer	()
Datum		E-posadres	

This questionnaire is also available in English.



P 4 0 0 2 2 6 5

SOUTH AFRICA

Neem asseblief kennis

Vir hierdie sensus:

- Hierdie vraelys moet ingevul word deur of namens alle bosbouboere wat hul eie of 'n gehuurde plaas bewerk of grond om 'n deel (deelboerdery) bewerk.
- Die items gelys onder 'Sluit in' en 'Sluit uit' is slegs voorbeelde en moet nie gesien word as 'n volledige lys van items wat ingesluit of uitgesluit moet word nie.
- Indien u in twee of meer provinsies bosbouboerderybedrywighede beoefen, moet afsonderlike opgawes ten opsigte van die bosbouboerderyeenheid in elke provinsie ingedien word. Indien meer as een opgawe ingedien moet word, maak asseblief seker dat geen duplisering plaasvind nie.
- **Indien presiese syfers nie beskikbaar is nie, verstrek asseblief sorgvuldige ramings.**

Deel 1 – Algemene inligting

1. Adresverandering:

2. Dui asseblief u tipe eienaarskap ten opsigte van die plaas aan. (Merk asseblief hieronder.)

<input type="checkbox"/> Individu	<input type="checkbox"/> Beslote korporasie	<input type="checkbox"/> Familie
<input type="checkbox"/> Koöperatiewe vereniging	<input type="checkbox"/> Vennootskap	<input type="checkbox"/> Openbare maatskappy
<input type="checkbox"/> Privaatmaatskappy	<input type="checkbox"/> Trust	Ander (spesifiseer)
<input type="checkbox"/> Staatsonderneming	<input type="checkbox"/> Openbare korporasie	<div style="border: 1px solid black; height: 20px; width: 100%;"></div>

3. Tydperk deur hierdie vraelys gedek

Let wel:

- Hierdie vraelys moet ingevul word vir u finansiële jaar wat op enige datum tussen **1 Julie 2006** en **30 Junie 2007 geëindig** het.

Verstrek asseblief die tydperk deur hierdie vraelys gedek Vanaf Tot

..... / / / /

- Indien die tydperk deur hierdie vraelys gedek nie 12 maande is nie, verskaf asseblief die redes, bv. veranderinge in die finansiële jaar.

.....

.....

Let wel:

- Indien u in twee of meer provinsies bosbou-boerderybedrywighede beoefen, moet u asseblief afsonderlike vraelyste ten opsigte van die bosbou-boerderybedrywighede in elke provinsie aanvra. Indien meer as een opgawe ingedien word, maak asseblief seker dat geen duplisering plaasvind nie.

4. **Naam van die landdrostdistrik waar die meeste bosbou-boerderybedrywighede wat in hierdie vraelys gedek word, plaasvind**

5. **In watter provinsie is die bosbouplaas geleë? (Merk asseblief een af.)**

 Gauteng

 Mpumalanga

 Noordwes

 Vrystaat

 KwaZulu-Natal

 Wes-Kaap

 Oos-Kaap

 Noord-Kaap

 Limpopo

Deel 2 – Besonderhede van die bosbou-boerderyeenheid

Let wel:

Die inligting word versamel op 'n bosbou-boerderyeenheid-basis. 'n Bosbou-boerderyeenheid bestaan uit een of meer woude, hoewes of stukke grond, hetsy aangrensend of nie, wat as 'n enkele eenheid bedryf word en in **dieselfde provinsie** geleë is.

'n **Bosbou-boerderyeenheid** is enige eenheid waarop bosbou-boerderybedrywighede vir kommersiële doeleindes beoefen word.

By bepaalde soorte boerderye waar 'n mate van verwerking van die plaasprodukt op die boerderyeenheid plaasvind, soos die bediening van 'n saagmeule op die plaas, moet hierdie aktiwiteite hierby ingesluit word.

Indien twee of meer persone in vennootskap, as 'n maatskappy, 'n beslote korporasie of 'n ander tipe eienaarskap die bosbou-boerderybedrywighede as 'n eenheid bedryf, moet hierdie bedrywighede vir die doeleindes van hierdie sensus as een boerderyeenheid beskou word.

Indien afsonderlike rekords bestaan, moet gegewens van ander bedrywighede, bo en behalwe bosbou-boerderybedrywighede, wat as deel van die bosbou-boerderyeenheid beoefen word, soos bv. 'n vakansie- of rusoord of 'n fabriek of 'n myn, ingesluit word by Deel 5 – Ander inkomste.

Samestelling en oppervlakte van die boerderyeenheid soos op 30 Junie 2007

Let wel:

- Die totale oppervlakte moet in hektaar gegee word. Breukdele van 'n hektaar moet afgerond word (2,5 akker of 1,2 morg is ongeveer 1 hektaar. 100 akker is ongeveer 40 hektaar. 100 morg is ongeveer 86 hektaar).

6. **Grond wat u eiendom is en waarop u self boer**

Plantasie

Oppervlakte (hektaar)

Ander (bv. werfgrond, paaie, onbewerkbare grond en bebosde grond)

Oppervlakte (hektaar)

7. Grond wat u eiendom is en wat u uitverhuur

Plantasie Oppervlakte (hektaar)

Ander (bv. werfgrond, paaie, onbewerkbare grond en bebosde grond) Oppervlakte (hektaar)

8. Grond wat nie u eiendom is nie, maar waarop u boer

Korporatiewe grond Oppervlakte (hektaar)

Boerdery om 'n deel (deelboerdery) Oppervlakte (hektaar)

Gehuurde/bruikhuurgrond Oppervlakte (hektaar)

Deel 3 – Grondgebruik gedurende die gemelde tydperk

9. Natuurlike weiveld Oppervlakte (hektaar)

10. Bewaringsgebiede Oppervlakte (hektaar)

Indien u bewaringsgebiede besit, merk asseblief een af:

Bosland Ope en omskepte gebied Inheemse woud Vleiland

11. Natuurlike grasland Oppervlakte (hektaar)

12. Plantasies (bome vir produksie van hout) Oppervlakte (hektaar)

13. Bosland, woude en struikgewasse wat nie vir aanplanting of weiding benut kan word nie Oppervlakte (hektaar)

14. Alle ander grond (bv. werfgrond, damme, paaie, uitvalgrond) Oppervlakte (hektaar)

15. Totaal van grond gebruik tydens die gemelde tydperk
(Vraag 6 tot Vraag 14) Oppervlakte (hektaar)

Deel 4 – Bosbou: Oppervlakte beplant, totale produksie en bruto boerdery-inkomste verdien deur hierdie bosbou-boerdery-eenheid vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2007

Let wel

- Alle uitgawes aangegaan in verband met bosbou-boerderybedrywighede moet in Deel 8 getoon word. Kapitaaluitgawes soos vaste koste met nuwe plantasies, moet in Deel 10 getoon word.
- Die waarde van produkte wat verkoop is, maar waarvoor betaling nog nie ontvang is nie, moet ingesluit word.
- **Bruto boerdery-inkomste = totale omset voor aftrekkings.**

Bosbou geproduseer gedurende die finansiële jaar

	Oppervlakte geoes Hektaar	Totale produksie Kubieke meter	Bruto boerdery- inkomste R'000
16. Sagtehout	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
17. Eucalyptus grandis	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
18. Ander bloekombome ...	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
19. Wattelbome	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
20. Populierbome	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
21. Ander hardehout	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
22. Totale bruto inkomste verdien uit bosbou (Vraag 16 tot Vraag 21)			<input type="text"/>

23. Vir watter doeleindes plant u die bosplantasie? Merk hieronder.

<input type="text"/> Saagblokke	<input type="text"/> Pale en sparre	<input type="text"/> Mynbouhout	<input type="text"/> Papierhout	<input type="text"/> Meubelhout	<input type="text"/> Hout vir vuurhoutjies
<input type="text"/> Houtskool	<input type="text"/> Vuurmaakhout	<input type="text"/> Ander spesifiseer	<input type="text"/>		

Deel 5 – Ander inkomste

24. Agri-toerisme/Ekotoerisme

Definisie

- Agri-toerisme is toerisme waartydens toeriste 'n werkende plaas of enige ander landbou-, tuinbou- of agri-besigheidsonderneming besoek vir plesier, opvoedkundige doeleindes of vir aktiewe deelname aan die bedrywighede van die plaas of onderneming.
- Ekotoerisme is natuur-gebaseerde toerisme wat ekologies volhoubaar is.

	R'000
24.1 Inkomste verdien uit agri-toerisme	<input type="text"/>
24.2 Inkomste verdien uit ekotoerisme	<input type="text"/>
25. Inkomste uit werk gedoen vir ander/medeboere (soos ploeg, oes, dors, baal, pluk, bespuiting, skeer, waterboordery, grondverskuiwing en vervoer)	<input type="text"/>
26. Inkomste uit die verhuring van boerderytoerusting en voertuie (bv. trekkers, ens.), uitgesonderd die verhuur van grond	<input type="text"/>
27. Ander inkomste verdien uit:	
27.1 Verwerking en klein fabrieksondernemings (bv. saagmeule)	<input type="text"/>
27.2 Plaaskleinhandelwinkels	<input type="text"/>
27.3 Rente ontvang	<input type="text"/>
27.4 Dividende ontvang	<input type="text"/>
27.5 Verhuring van grond, geboue en ander strukture	<input type="text"/>
27.6 Salarisse en pensioene	<input type="text"/>
27.7 Delging, likwidasië of hervaluering van laste teen 'n waarde laer as die boekwaarde, indien gekrediteer	<input type="text"/>
27.8 Verkoop of tegeldemaking vir kontant of hervaluering van bates teen 'n waarde hoër as die boekwaarde, indien gekrediteer	<input type="text"/>
27.9 Buitelandse lenings as gevolg van skommelings in buitelandse valutakoerse of transaksies	<input type="text"/>
27.10 Tantième.....	<input type="text"/>
28. Inkomste verdien uit ander bronne – spesifiseer asseblief)	<input type="text"/>
.....	<input type="text"/>

Deel 6 – Inventaris**Beginwaardes**

	R'000
29. Rou materiale of materiale vir verwerking, verpakkingsmateriale, brandstof en verbruikersprodukte en onderhoudstore, bv. onderdele	<input type="text"/>
30. Werk aan die gang	<input type="text"/>
31. Klaargemaakte produkte geproduseer deur hierdie bosbou-boerderyeenheid	<input type="text"/>
32. Klaargemaakte produkte wat nie deur hierdie bosbou-boerderyeenheid geproduseer word nie, maar wat aangekoop word vir herverkoop	<input type="text"/>
33. Totale beginwaardes <u>(Vraag 29 tot Vraag 32)</u>	<input type="text"/>

Sluitingswaardes

	R'000
34. Rou materiale of materiale vir verwerking, verpakkingsmateriale, brandstof en verbruikersprodukte en onderhoudstore, bv. onderdele	<input type="text"/>
35. Werk aan die gang	<input type="text"/>
36. Klaargemaakte produkte geproduseer deur hierdie bosbou-boerderyeenheid	<input type="text"/>
37. Klaargemaakte produkte wat nie deur hierdie bosbou-boerderyeenheid geproduseer word nie, maar wat aangekoop word vir herverkoop	<input type="text"/>
38. Totale sluitingswaardes <u>(Vraag 34 tot Vraag 37)</u>	<input type="text"/>

Deel 7 – Indiensneming

Getal eienaars/gesinswerkers soos op 30 Junie 2007

	Getal	
	Manlik	Vroulik
39. Eienaar wat vir homself/haarself boer, insluitend deeltydse boere	<input type="text"/>	<input type="text"/>
40. Ander eienaars wat direk betrokke is by die boerderybedrywighede	<input type="text"/>	<input type="text"/>
41. Gesinslede wat betrokke is by die boerdery, maar wat nie gereelde salarisse ontvang nie	<input type="text"/>	<input type="text"/>
42. Totaal (Vraag 39 tot Vraag 41)	<input type="text"/>	<input type="text"/>

Getal voltydse werknemers wat gereeld salaris ontvang soos op 30 Junie 2007

	Getal	
	Manlik	Vroulik
43. Kantoorpersoneel (sluit huis werkers in)	<input type="text"/>	<input type="text"/>
44. Bosbestuurders	<input type="text"/>	<input type="text"/>
45. Bosvoormanne	<input type="text"/>	<input type="text"/>

Definisies

- 'n Geskoolde werknemer het minstens 'n paar weke of maande opleiding ontvang buite die werkopset. In die meeste gevalle word 'n opleidingskwalifikasie van minstens graad 9 of 10 vereis.
- 'n Ongeskoolde werknemer het geen formele opleiding of skoling ondergaan nie.

46. Werknemers wat gewoonlik plaaswerk verrig:

	Getal	
	Manlik	Vroulik
Geskoold	<input type="text"/>	<input type="text"/>
Ongeskoold	<input type="text"/>	<input type="text"/>
47. Totaal (Vraag 43 tot Vraag 46)	<input type="text"/>	<input type="text"/>

Let wel

- Indien presiese syfers nie beskikbaar is nie, verstrek asseblief **sorgvuldige ramings**.

	Getal		
	Manlik	Vroulik	Totaal
48. Aantal afhanklikes wat normaalweg nie plaaswerk verrig nie ..	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>
49. Aantal ander bewoners op die plaas	<input type="text"/>	<input type="text"/>	<input type="text"/>

Getal los- en seisoenswerkers wat gedurende die finansiële jaar in diens geneem is***Sluit uit***

- Kontrakteurs en hul werknemers.

Sluit in

- Gesinslede wat salarisse/vergoeding ontvang vir die tydperke van diens.

Getal los- en seisoenswerkers wat minder as 3 maande gewerk het gedurende die gemelde tydperk

Manlik

Vroulik

Getal los- en seisoenswerkers wat langer as 3 maande gewerk het gedurende die gemelde tydperk

Manlik

Vroulik

50. Los-, seisoens-, geleentheids- en dagwerkers

Deel 8 – Uitgawes ten opsigte van hierdie bosbou-boerderyeenheid aangeaan in verband met bosboubedrywighede gedurende die finansiële jaar***Let wel***

- Vergoeding in natura ('in kind') is die koste vir die bosbouboer van rantsone soos meliemeel, meel, slagdiere, vleis, vis, melk, brood, koffie, suiker, tabak, klere, skoene, vervoer, opleiding en medisyne aan plaaswerkers voorsien, en mediese koste vir hulle aangeaan.

Sluit uit

- Kapitaalluitgawes/aankoop van bates (ingesluit in Deel 10).

Voltydse werknemers

	R'000
51. Salarisse, kontantlone en kontantbonusse	<input type="text"/>
52. Waarde van vergoeding in natura	<input type="text"/>

Los- en seisoensbetaalde werknemers

53. Salarisse, kontantlone en kontantbonusse	<input type="text"/>
54. Waarde van vergoeding in natura	<input type="text"/>

Ander lopende uitgawes

R'000

55. Advertensie- en bemerkingskoste
56. Bankkoste
57. Waardevermindering waarvoor voorsiening gemaak is gedurende die finansiële jaar

Let wel

- Rapporteer waardevermindering of voorsiening vir waardevermindering soos aangeteken in die finansiële of bestuursrekeninge op alle bates soos masjinerie, toerusting, kantoortoerusting (bv. rekenaars), trekkers, motorvoertuie en ander vervoertoerusting.

58. Elektrisiteitskoste
59. Aksyns- en doeanebelasting
60. Bemestingstowwe aangekoop, soos landboukalk, kunsmis, ghwano, kraalmis en kompos
61. Brandstof, smeerolie en ghries aangekoop
62. Versekeringspremies betaal vir woud
63. Versekeringspremies betaal ten opsigte van eiendom, soos geboue, voertuie, trekkers, masjinerie en ander implemente
64. Rente betaal op verbande en op geleende geld

Sluit in

- Rente op banklenings.
- Rente op lenings gemaak aan hierdie onderneming en nie-verwante ondernemings.
- Rente ten opsigte van finansiële huurkontrakte.
- Rente betaal op lenings van vennote.
- Uitgawes ten opsigte van diskonteerde wissels.
- Rente op skuldbriewe.
- Rente op ander leningsbronne.

Sluit uit

- Ander bankkoste.
- Kapitaal terugbetalings.

65. Lisensiegelde betaal vir voertuie, trokke, sleepwaens, trekkers, ens.

R'000

66. Verliese van bates of beleggings verkoop of herevalueer (nie verwant aan normale handelsbedrywighede nie)

Sluit in

- Verliese uit die verkoop of tegeldemaking vir kontant of hervaluering van bates of beleggings teen 'n waarde laer as die boekwaarde, indien gedebiteer.
- Voorsiening vir slegte skuld en slegte skuld afgeskryf.
- Bates afgeskryf.
- Verliese as gevolg van die handel met aandele.
- Beskadigde bates.

67. Verliese as gevolg van delging, likwidasië of hervaluering van laste teen 'n waarde hoër as die boekwaarde, indien gedebiteer

68. Verliese op van buitelandse lenings as gevolg van skommelings in die buitelandse valutakoers

69. Instandhouding en herstel van geboue, damme en omheinings (sement en kalk, draad, sinkplate en ysterware, hout en ander bou- en omheiningsmateriaal)

70. Instandhouding en herstel van alle masjinerie, voertuie, landbou-implemente, pompe en ander toerusting, insluitend onderdele vir motorvoertuie, trekkers en implemente

71. Lidmaatskap- of affiliasiekoste

72. Bedryfshuur, verhuur en huring van installasies, masjinerie, toerusting en voertuie

73. Uitgawes ten opsigte van papier

74. Pos- en koerierdienste

75. Drukkersuitgawes

76. Ander skryfbehoeftes

77. Betaling van belasting (plaaslike-raadsheffings), uitgesonderd BTW en inkomstebelasting

78. Eiendomsbelasting betaal aan munisipaliteite

79. Beskermende klere aangekoop vir bosbou of bosbouwerkers

80. Spoorvervoer en vervoer uit

81. Navorsing- en ontwikkelingskoste

82. Tantième

R'000

83. Aankope

Sluit in

- Rou materiale, komponente gebruik vir produksie, insluitend verbruikersprodukte.
- Installasies aangekoop.

Sluit uit

- Brandstof, smeerolie en ghries aangekoop.
- Onderdele.
- Bemestingstowwe.

84. Subkontraakteurs

85. Uittreelone, diensopsegingsbetalings en uitbetalings as gevolg van oortolligheid

86. Sekuriteitsdienste om die bosbouplaas te beveilig en instandhoudingskoste van sekuriteitstelsels

87. Personeelopleiding

88. Telekommunikasiedienste (bv. internetkoste, telefoon en faksimilee)

89. Reiskoste (insluitend vervoer van werknemers)

90. Waterdienste

91. Ander (spesifiseer)

Sluit in

- Akkommodasie.
- Beurse.
- Donasies en borgskappe.
- Vermaak.
- Professionele dienste, bv. oudit- en ander professionele besigheidsdienste, regsonkoste en dataverwerkingsdienste.

92. Totale uitgawes (Vraag 51 tot Vraag 91)

R'000

93. Hoeveel van die totale uitgawes word bestee aan Agri-toerisme?

Deel 9 – Balansstaat

Let wel

- Rapporteer die totale boekwaarde van bates en laste soos aan die **einde van die finansiële jaar**.

Bates

94. Nie-bedryfsbates	R'000
94.1 Eiendom, installasies en toerusting en nie-tasbare bates	<input type="text"/>
94.2 Welwillendheid	<input type="text"/>
Let wel	
• Eiendom, installasies en toerusting, en nie-tasbare bates, en welwillendheid moet ooreenstem met die totaal van kolom (g) in Deel 10 .	
94.3 Langtermynbeleggings	<input type="text"/>
94.4 Ander nie-bedryfsbates	<input type="text"/>
95. Totale nie-bedryfsbates (<u>Vraag 94.1 tot Vraag 94.4</u>)	<input type="text"/>
96. Bedryfsbates	
96.1 Rekenings invorderbaar (debiteure)	<input type="text"/>
96.2 Kontant en bank	<input type="text"/>
96.3 Inventaris (moet ooreenstem met Vraag 38)	<input type="text"/>
96.4 Ander bedryfsbates	<input type="text"/>
97. Totale bedryfsbates (<u>Vraag 96.1 tot Vraag 96.4</u>)	<input type="text"/>
98. Totale bates (<u>Vraag 95 plus Vraag 97</u>)	<input type="text"/>

Aandele en bedryfslaste

R'000

99. Eienaar se aandele

Sluit in

- Aandeelhouers se fondse/rente.

100. Nie-bedryfslaste

100.1 Langtermynlenings

100.2 Ander nie-bedryfslaste

101. Totale nie-bedryfslaste (Vraag 100.1 tot Vraag 100.2)

102. Bedryfslaste

102.1 Rekenings invorderbaar (krediteure)

102.2 Oortrokke bankrekening

102.3 Ander bedryfslaste

103. Totale bedryfslaste (Vraag 102.1 tot Vraag 102.4)104. Totale aandele en laste (Vraag 99 plus Vraag 101 plus Vraag 103)

**Deel 10 – Boekwaarde van eiendom, installasies en toerusting, en nie-tasbare bates vir vir die finansiële jaar geëindig
30 Junie 2007**

105. Boekwaarde van eiendom, installasies en toerusting en nie-tasbare bates.

Tipe bate	Boekwaarde aan begin van finansiële jaar volgens balansstaat	PLUS Kapitaaluitgawes aan oprigting van nuwe geboue en werke; aanbouings aan en verbouings van bestaande geboue en werke; werk aan die gang gekapitaliseer ; nuwe installasies en masjinerie; gebruikte installasies en masjinerie indien deur u of namens u ingevoer (hetsy aan buite- kontraakteurs/instellings betaal of deur u eie onderneming gedoen)	PLUS Kapitaaluitgawes aan die verkryging van grond ; bestaande geboue en werke; en gebruikte installasies, masjinerie en voertuie; en oordragte in	PLUS OF MINUS Verkoop van bates(-), en hervaluering en ander wysigings aan boekwaarde	MINUS Waardevermindering en skuldaflossing gedurende die jaar (nie akkumulatiewe waardevermindering)	IS GELYK AAN Boekwaarde aan die einde van die finansiële jaar volgens balansstaat
(a)	(b) R'000	(c) R'000	(d) R'000	(e) R'000	(f) R'000	(g) R'000
1. Grond						
2. Woonhuise						
3. Nie-residensiële geboue						
4. Konstruksiewerke, paaië en parkeerareas						
5. Rekenaars en ander IT-toerusting						
6. Motorvoertuie, trekkers en ander vervoertoerusting						
7. Installasies, masjinerie en ander kantoor- toerusting						
8. Nie-tasbare vaste bates						
8.1 Rekenaarsagteware						
8.2 Ander						
9. Nie-tasbare, nie-produseende bates (welwillendheid, gepatenteerde entiteite, ens.)						
10. Ander bates (spesifiseer)						
Totaal (Kolom (g) moet ooreenstem met Vraag 94.1 & Vraag 94.2)						

Deel 11 – Verliese en uitgawes as gevolg van diefstal, rampe, ongelukke en geweldsmisdade

106. Totale waarde van verliese en uitgawes gedurende die finansiële jaar as gevolg van–

R'000

Veediefstal

Verdwyng en steel van gereedskap, plaasimplemente, masjinerie en elektriese toebehore.....

Skade aan geboue en voertuie as gevolg van diefstal

Stropery en steel van gewasse en ander produkte

Veld- en bosbrande en natuurrampe

Ander (spesifiseer

107. Totale waarde van verliese gely (uitgesonderd as gevolg van brande) gedurende die finansiële jaar as gevolg van rampe en ongelukke (insluitend droogte, peste en siektes, vloede, ens.) ten opsigte van–

R'000

Woude

Produkte

Geboue en toerusting

Ander (spesifiseer)

108. Totale waarde van verliese gely aan produksie as gevolg van afwesigheid (gebaseer op mandae), voortspruitend uit beserings of hantering van die gevolge van misdaad

Hektaar

109. Geskatte oppervlakte-verlies as gevolg van brande of pessiektes

110. Het u van boerdery-ondernemings (boerdery-aktiwiteite) afgesien as gevolg van diefstal of geweldsmisdade?

Ja

Nee

Indien ja, spesifiseer die rede

Deel 12 – Transformasie soos op 30 Junie 2007

- | | | |
|---|--------------------------------|---------------------------------|
| 111. Het u enige ooreenkomste ten opsigte van die herverdeling van grond aangegaan? | Ja
<input type="checkbox"/> | Nee
<input type="checkbox"/> |
| 112. Het u enigiets anders gedoen ten opsigte van die ontwikkeling van ondernemings? | Ja
<input type="checkbox"/> | Nee
<input type="checkbox"/> |
| 113. Het u enigiets anders gedoen ten opsigte van korporatiewe maatskaplike beleggings, ens.? | Ja
<input type="checkbox"/> | Nee
<input type="checkbox"/> |
| 114. Indien u antwoord in 113 'ja' was, dui asseblief die koste aan | R'000
<input type="text"/> | |
| 115. Is hierdie koste deur u befonds? | Ja
<input type="checkbox"/> | Nee
<input type="checkbox"/> |